basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## ONTWERP V1

## (TEORIE)

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

2. Daar is drie keusevrae in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid (30 punte)
   VRAAG 1 tot 3

   AFDELING B: Ontwerpgeskiedenis (30 punte)
   VRAAG 4

   AFDELING C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks (40 punte)
   VRAAG 5 en 6

4. Lees die vereistes vir elke vraag aandagtig deur.

5. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite. MOENIE in tabelvorm antwoord NIE.

6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.

7. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

### VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE

**Beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**

1.1



FIGUUR A: **Laaikas** deur Renée Rossouw en Deánne Viljoen, De Steyl-ateljee (Suid-Afrika), 2015.

1.1.1 Analiseer en bespreek die gebruik van die volgende elemente en beginsels van ontwerp ten opsigte van FIGUUR A:

- Ritme
- Tekstuur
- Kontras
- Fatsoen (4 x 2) (8)

1.1.2 Definieer die term *totemisties* deur na die laaikas in FIGUUR A te verwys. (2)
**[10]**

**OF**

1.2




FIGUUR B: ***How the Birds Chose a King (Hoe die Voëls 'n Koning Gekies Het)*** (ontwerp-illustrasie) deur Jono Garrett (Johannesburg), 2015.

1.2.1 Analiseer en bespreek die gebruik van die volgende ten opsigte van FIGUUR B:

- Negatiewe ruimte
- Beweging
- Balans
- Lyn (4 x 2) (8)

1.2.2 Definieer die term *gestileerd* met verwysing na FIGUUR B. (2)
**[10]**

## VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP




FIGUUR C: **Vryheid-van-spraak-veldtogplakkaat**, ontwerper onbekend, (VSA), 2012.

2.1 Identifiseer DRIE simbole in FIGUUR C en verduidelik hoe dit die boodskap van die plakkaat beklemtoon. (6)

2.2 Visuele hiërargie is die rangskikking van visuele elemente in 'n ontwerp wat die volgorde waarin die menslike oog waarneem/interpreteer, beïnvloed. Bespreek die gebruik van visuele hiërargie in FIGUUR C. (2)

2.3 Bespreek hoe die ontwerper kleur gebruik om die boodskap van die plakkaat te beklemtoon. (2)

**[10]**

## VRAAG 3

**Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1



FIGUUR D: **Madikwe Safari-lodge** deur Rob Marnewick (Nasionale Krugerwildtuin, Suid-Afrika), 2011.



FIGUUR E: **Voorgestelde restaurant** deur Kylie Shamini (Turkye), 2016.

In 'n opstel (ten minste EEN bladsy) vergelyk die binneontwerp van FIGUUR D met dit van FIGUUR E hierbo.

Verwys na die volgende in jou vergelyking:

- Gebruik van kleur
- Inspirasie/Invloede
- Teikenmark
- Funksie(s)
- Gebruik van materiaal **[10]**

**OF**

3.2



FIGUUR F: **Hadrian se Villa**, argitek onbekend (Tivoli, Italië), 2de eeu VHJ.



FIGUUR G: **'Palace of the Lost City'** deur WATG
(Rustenburg, Suid-Afrika), 1990–1992.

Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die Klassieke gebou in FIGUUR F met die kontemporêre gebou in FIGUUR G vergelyk. Anders kan jy enige Klassieke gebou met enige kontemporêre gebou wat jy bestudeer het, vergelyk.

Gebruik die volgende in jou opstel:

- Funksie
- Uitleg/Plan
- Materiaal
- Terrein
- Invloede

(5 x 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

### VRAAG 4

4.1

| Waarlik grootse ontwerp kan verder as die blote oplossing van 'n probleem gaan om mense se menings en handelinge te beïnvloed, en selfs die manier waarop hulle hul lewens leef. |
|---|

Kies enige TWEE ontwerpbewegings/-style hieronder en skryf 'n opstel (ten minste TWEE bladsye) waarin jy verduidelik hoe elke beweging/styl mense se handelinge beïnvloed het, en moontlik hul lewenswyses verander het. Ondersteun jou antwoord deur die doelstellings, invloede en algemene kenmerke/eienskappe van die ontwerpbewegings/-style te bespreek. Bespreek ten minste EEN werk deur EEN ontwerper van ELKE beweging/styl.

- Grieks
- Neoklassiek
- Kuns en Kunsvlyt
- Art Nouveau
- Bauhaus
- Art Deco
- Goties
- Barok
- Pop
- Postmodernisme
- Dekonstruktivisme
- Modernisme
- Skandinawies

(20)

4.2



FIGUUR H: **Renaissance-bed**.



FIGUUR I: **Bed deur De Stijl beïnvloed**.

Skryf 'n kort opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die bed in FIGUUR H met die bed in FIGUUR I vergelyk deur te verduidelik hoe hulle onderskeidelik Renaissance en De Stijl verteenwoordig.

Gebruik die volgende riglyne om jou vergelyking in hooftrekke te beskryf:

- Doelstellings
- Harmonie
- Vorm
- Gebruik van kleur
- Invloede

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

### VRAAG 5

**Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.**

5.1




FIGUUR J: **Die Wimpy Braille-veldtog** deur Metropolitan Republic (Suid-Afrika), 2016.

5.1.1 Hoe vier die veldtog in FIGUUR J inklusiwiteit? (2)

5.1.2 Hoekom moet ontwerpers inklusiwiteit in hulle ontwerpprodukte oorweeg? (2)

5.1.3 Verduidelik EEN ander manier waarop ontwerp inklusiwiteit kan weerspieël. Verwys na 'n voorbeeld. (2)

5.1.4 Skryf TWEE opstelle (ten minste EEN EN 'N HALWE bladsye in totaal) waarin jy die werk van EEN kontemporêre sosiaal verantwoordelike Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpgroep **EN** EEN kontemporêre sosiaal verantwoordelike internasionale ontwerper/ ontwerpgroep wat jy bestudeer het, bespreek. Verwys na EEN ontwerpvoorbeeld deur ELKE ontwerper/ontwerpgroep wat sosiaal verantwoordelike ontwerppraktyk aanpak.

JY mag NIE na enige ontwerpe verwys wat jy voorheen bespreek het, of na ontwerpers/ontwerpgroepe na wie in hierdie vraestel verwys is nie. (14)
**[20]**

**OF**

5.2



FIGUUR K: **Tradisionele Nguni-produkte** (Suid-Afrika), 1985.

5.2.1 Dink jy dat die tradisionele produkte in FIGUUR K vandag nog nuttig is? Gee redes vir jou antwoord. (2)

5.2.2 Verwys na enige EEN tradisionele Suid-Afrikaanse kunshandwerk-gemeenskap wat jy hierdie jaar bestudeer het en bespreek die volgende:

- Materiaal, metodes en prosesse wat in die maak van die kunshandwerkproduk gebruik word
- Beskrywing en analisering van die kunshandwerkprodukte
- Die moontlike funksies van die kunshandwerkprodukte (8)

5.2.3 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) oor enige EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper wie se ontwerpe deur Suid-Afrikaanse-/Afrika- tradisionele kunshandwerk beïnvloed word.

Gebruik die volgende riglyne in jou bespreking:

- Gee die naam van die ontwerper/ontwerpgroep en die ontwerpproduk(te)
- 'n Kort beskrywing en analise van ten minste EEN werk en verduidelik hoe dit die invloed van tradisionele kunshandwerk weerspieël
- Die etiese aangeleenthede wat deur die werk van hierdie ontwerper of ontwerpgroep benader word

JY mag NIE na enige ontwerpers/ontwerpgroepe verwys wat jy voorheen bespreek het, of na ontwerpers/ontwerpgroepe na wie in hierdie vraestel verwys is nie. (10)
**[20]**

## VRAAG 6

6.1




FIGUUR L: **Plastiek-dorpshuis** deur Isla Colon (Panama), 2016.

| Doeltreffende volhoubare ontwerpoplossings voldoen aan die beginsels van sosiale, ekonomiese en ekologiese volhoubaarheid. |
|---|

Bespreek die stelling hierbo deur na FIGUUR L te verwys.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Waterbewaring
- Energiedoeltreffendheid
- Koolstofdioksied($CO_2$)-vermindering (3 x 2) (6)

6.2 Bespreek in TWEE aparte opstelle (ten minste EEN EN 'N HALWE bladsye in totaal) EEN kontemporêre internasionale ontwerper/ontwerpagentskap/ateljee **EN** EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpagentskap/ateljee wie se werk omgewingsvriendelik is.

Sluit die volgende by jou bespreking in:

- Naam van die ontwerper/ontwerpagentskap/ateljee
- EEN werk deur die ontwerper/ontwerpagentskap/ateljee
- 'n Kort beskrywing en analise van hierdie werk
- Die ontwerper/ontwerpagentskap/ateljee se algemene karaktereienskappe
- Hoekom en hoe die ontwerper/ontwerpagentskap/ateljee se produkte omgewingsvriendelik is

JY mag NIE na enige ontwerpers/ontwerpgroepe verwys wat jy voorheen bespreek het, of na ontwerpers/ontwerpgroepe na wie in hierdie vraestel verwys is nie. (14)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou